BEGROTINGS-NUUSFLITS

"Ek lê aan hierdie hoë huis die Nasionale Begroting voor. Na my beste oordeel weerspieël dit die nasie se finansiële situasie. Dit is in die belang van ons mense en ons land, nie die eng doelwitte van enige politieke party nie. Dit is om die gesonde finansiële stand van die Republiek te beskerm. Ek doen dit in my rol as Minister van Finansies, om my vertrouensplig as die beskermer van die nasie se finansies uit te voer."

Tito Mboweni, Minister van Finansies - 2019 Begrotingsrede

DO GREAT THINGS EVERY DAY

1. Persoonlike inkomstebelasting

In vanjaar se Begroting is daar geen aanpassings aan die inkomstebelastingkategorieë nie. Die tabel hieronder illustreer die belastingskale van toepassing op individuele belastingbetalers en spesiale trusts vir die 2019/2020-belastingjaar:

Belastingskale vir natuurlike persone en spesiale trusts 2019/2020-belastingjaar	
Belasbare inkomste (R)	**Belastingkoers (R)**
0 - 195 850	18% van belasbare inkomste
195 850 - 305 850	35 253 + 26% van belasbare inkomste bo 195 850
305 850 - 423 300	63 853 + 31% van belasbare inkomste bo 305 850
423 300 - 555 600	100 263 + 36% van belasbare inkomste bo 423 300
555 600 - 708 310	147 891 + 39% van belasbare inkomste bo 555 600
708 310 - 1 500 000	207 448 + 41% van belasbare inkomste bo 708 310
1 500 000 en meer	532 041 + 45% van belasbare inkomste bo 1 500 000

* Die tabel hierbo is 'n uittreksel uit die 2019 konsepwetsontwerp oor tariewe en monetêre bedrae en die wysiging van die belastingwette.

Belastingkortings		
	2018/2019-belastingjaar (R)	**2019/2020-belastingjaar (R)**
Primêre korting	14 067	14 220
Sekondêre korting (ouderdom 65 tot onder 75)	7 713	7 794
Tersiêre korting (ouderdom 75 en ouer)	2 574	2 601

Belastingdrempels		
	2018/2019-belastingjaar (R)	**2019/2020-belastingjaar (R)**
Onder ouderdom 65	78 150	79 000
Ouderdom 65 tot onder 75	121 000	122 300
Ouderdom 75 en ouer	135 300	136 750

Dit beteken dat 'n belastingbetaler wat minder as hierdie drempels verdien, geen inkomstebelasting in die 2019/2020-belastingjaar sal betaal nie.

DO GREAT THINGS | OLDMUTUAL

Die voorbeelde hieronder illustreer die impak van die voorgestelde veranderings op individue jonger as 65:

Belastingimpak vir persone jonger as 65				
Belasbare inkomste (R)	**2018/19-skale (R)**	**Voorgestelde 2019/20-skale (R)**	**Belasting-verandering (R)**	**%-verandering**
150 000	12 933	12 780	-153	-1.18%
300 000	48 265	48 112	-153	-0.32%
500 000	113 808	113 654	-153	-0.13%
750 000	210 474	210 320	-153	-0.07%
1 000 000	312 974	312 820	-153	-0.05%
1 500 000	517 974	517 820	-153	-0.03%
2 000 000	742 974	742 820	-153	-0.02%

2. BTW

'n Verhoging van die BTW-koers met een persentasiepunt het op 1 April 2018 in werking getree. Die BTW-koers bly onveranderd op 15%. Vanaf 1 April 2019 sal witbroodmeel, koekmeel en sanitêre doekies teen 'n nulkoers belas word.

3. Boedelbelasting en skenkingsbelasting

Boedelbelasting en skenkingsbelasting bly onveranderd.

Boedelbelastingkoerse vir persone wat op of na 1 Maart 2018 sterf	
Belasbare boedel (R)	**Boedelbelastingkoers (R)**
0 - 30 000 000	20% van elke Rand
30 000 001 en meer	6 000 000 + 25% van belasbare boedel bo 30 000 000

Skenkingsbelastingkoerse vir skenkings op of na 1 Maart 2018	
Belasbare skenking (R)	**Skenkingsbelastingkoers (R)**
0 - 30 000 000	20% van elke Rand
30 000 001 en meer	6 000 000 + 25% van belasbare skenking bo 30 000 000

4. Kapitaalwinsbelasting (KWB)

Insluitingskoerse vir kapitaalwins bly onveranderd en is soos volg:

- Individue en spesiale trusts: 40%
- Maatskappye: 80%
- Trusts (behalwe spesiale trusts): 80%

Die effektiewe kapitaalwinsbelastingkoerse is soos volg:

- Individue en spesiale trusts: 18%
- Trusts: 36%
- Maatskappye: 22.4%

Die jaarlikse uitsluiting vir individue bly R40 000, en R300 000 in die jaar van afsterwe.

5. Rentevrystelling

Die vrystellingsdrempels vir rente bly soos volg:

- R23 800 per jaar vir belastingbetalers wat jonger as 65 is, en
- R34 500 per jaar vir belastingbetalers van 65 jaar en ouer.

Die verwagting is dat hierdie bedrae in die toekoms onveranderd sal bly.

6. Dividendterughoubelasting

Die plaaslike dividendterughoubelastingkoers bly onveranderd op 20%.

7. Belasting van klein sakeondernemings

Die belastingkoerse vir **klein** sakeondernemings (met bruto inkomste van hoogstens R20 miljoen) met finansiële jaareindes op enige datum tussen 1 April 2019 en 31 Maart 2020 is soos volg:

Belastingtabel van toepassing op klein sakeondernemings	
Belasbare inkomste (R)	**Belastingkoers (R)**
0 – 79 000	0% van belasbare inkomste
79 000 – 365 000	7% van belasbare inkomste bo 79 000
365 000 – 550 000	20 020 + 21% van belasbare inkomste bo 365 000
550 000 en meer	58 870 + 28% van belasbare inkomste bo 550 000

* Die tabel hierbo is 'n uittreksel uit die 2019 konsepwetsontwerp oor tariewe en monetêre bedrae en die wysiging van die belastingwette.

Die belastingkoerse vir **mikro**-ondernemings (met 'n omset van hoogstens R1 miljoen per jaar) met finansiële jaareindes op enige datum tussen 1 Maart 2019 en 28 Februarie 2020 is soos volg:

Belastingtabel van toepassing op omset van mikro-ondernemings	
Belasbare omset (R)	**Belastingkoers (R)**
0 - 335 000	0% van belasbare omset
335 000 - 500 000	1% van belasbare omset bo 335 000
500 000 - 750 000	1 650 + 2% van belasbare omset bo 500 000
750 000 en meer	6 650 + 3% van belasbare omset bo 750 000

* Die tabel hierbo is 'n uittreksel uit die 2019 konsepwetsontwerp oor tariewe en monetêre bedrae en die wysiging van die belastingwette.

8. Hereregte

Die koerse vir hereregte bly onveranderd op:

Hereregtekoerse	
Waarde van eiendom (R)	**Belastingkoers (R)**
0 - 900 000	0% van eiendomswaarde
900 001 - 1 250 000	3% van eiendomswaarde bo 900 000
1 250 001 - 1 750 000	10 500 + 6% van eiendomswaarde bo 1 250 000
1 750 001 - 2 250 000	40 500 + 8% van eiendomswaarde bo 1 750 000
2 250 001 - 10 000 000	80 500 + 11% van eiendomswaarde bo 2 250 000
10 000 001 en meer	933 000 + 13% van eiendomswaarde bo 10 000 000

9. Mediese belastingkrediete

Om in 2019/2020 addisionele inkomste van een miljard rand te genereer, bly die aanvanklike maandelikse belastingkrediet (vir bydraes tot mediese skemas) vir alle belastingbetalers onveranderd op:

- R310 vir 'n belastingbetaler
- R620 vir 'n belastingbetaler en sy of haar eerste afhanklike
- R209 vir elke addisionele afhanklike.

Vir belastingbetalers wat jonger as 65 is, sal 'n addisionele belastingkrediet toegestaan word teen 'n bedrag gelyk aan 25% van die somtotaal van:

- die bedrag waarmee hul bydrae vier keer hul belastingkrediet (vir bydraes) oorskry, plus
- uitgawes uit hul eie sak

bo 7.5% van hul belasbare inkomste (enige aftreefonds-enkelbedragvoordeel, aftreefonds-enkelbedragonttrekkingsvoordeel en skeidingsvoordeel uitgesluit).

Vir belastingbetalers wat 65 of ouer is, of wat gestrem is of gestremde afhanklikes het, sal 'n addisionele belastingkrediet toegestaan word teen 'n bedrag gelyk aan die somtotaal van:

- 33.3% van die bedrag waarmee hul bydrae drie keer hul belastingkrediet (vir bydraes) oorskry, plus
- 33.3% van uitgawes uit hul eie sak.

Die addisionele belastingkrediet wat aan werknemers van 65 jaar en ouer ten opsigte van hul bydraes tot mediese skemas toegestaan word, kan ook in die maandelikse LBS-berekenings in ag geneem word. Hierdie fasiliteit word ook aan voorlopige belastingbetalers van 65 jaar en ouer toegestaan.

Waar meer as een belastingbetaler tot die mediese skema van 'n derde party bydra (byvoorbeeld volwasse kinders wat gesamentlik tot 'n ouer se mediese skema bydra), word die mediese belastingkrediet proporsioneel

DO GREAT THINGS | OLDMUTUAL

tussen die bydraende belastingbetalers verdeel in die verhouding wat die bedrag van elke belastingbetaler se bydraes tot die totale bedrag van die betaalbare bydraes uitmaak.

10. Belastingvrye spaarrekeninge

Belastingvrye spaarrekeninge bly onveranderd:

- Bydraes is tans onderhewig aan 'n jaarlikse perk van R33 000 en 'n leeftydperk van R500 000.
- Beleggingsopbrengste, groei en uitbetalings ten opsigte daarvan is belastingvry.

Enige bydrae bo hierdie perke sal belas word teen 40%.

11. Aftreehervormings

Belasting van bydraes

Sedert 1 Maart 2016 geld die volgende, ooreenkomstig die "T-dag"-belastinghervormings:

- Bydraes deur werkgewers aan alle aftreefondse word as byvoordele in die hande van die werknemerlede belas.
- Die volle werkgewerbydrae kan deur die werkgewer afgetrek word.
- Die belastingaftrekkings vir lidbydraes is vereenvoudig en verbeter met 'n vaste aftrekking van 27.5% van vergoeding of belasbare inkomste (belasbare kapitaalwins ingesluit), wat ook al die grootste is, met 'n jaarlikse aftrekking van hoogstens R350 000.

Die 2017 en 2018 Wysigingswet op Belastingwette het duidelikheid verskaf dat die aftrekking slegs toegepas mag word teen die bedrag van belasbare inkomste voor:

- Belasbare kapitaalwins bygevoeg word; en
- Die aftrekking van skenkings aan openbare weldaadsorganisasies en die aftrekking vir buitelandse belasting.

Bydraes wat die toelaatbare aftrekkingsperk oorskry, word geag in die volgende jaar gelewer te wees en sal aftrekbaar wees onderhewig aan die perke wat in daardie jaar van toepassing is.

Hierdie oordrag na die volgende jaar sal ook van toepassing wees op surplusbydraes wat voor 1 Maart 2016 aan uittredingannuïteitsfondse en pensioenfondse gelewer is, maar nie op bydraes tot voorsorgfondse voor 1 Maart 2016 nie.

12. "Sondebelasting" en heffings

Die volgende verhogings word voorgestel:

- Belasting op 'n pakkie van 20 sigarette styg met R1.14
- Belasting op 'n blikkie bier (340 ml) styg met R0.12
- Belasting op 750 ml gefortifiseerde wyn styg met R0.37
- Belasting op spiritualieë styg met R4.54 per bottel (750 ml)

Die regering stel voor dat die algemene brandstofheffing vanaf 3 April 2019 met 15c per liter verhoog word, en dat die Padongelukfondsheffing met 5c per liter verhoog word. Koolstofbelasting sal op 1 Junie 2019 in werking gestel word. Koolstofbelasting op brandstof sal vanaf 5 Junie 2019 geld en 9c per liter op petrol en 10c per liter op diesel bedra. Dieselterugbetalings kan nie teen hierdie belasting geëis word nie. Dit sal die algemene brandstofheffing tot R5.63 per liter petrol en R5.49 per liter diesel opstoot.

Die gesondheidsbevorderingsheffing, wat suikerversoete drankies belas, is op 1 April 2018 in werking gestel. Die belastingkoers word tot 2.21c per gram vir suikerinhoud bo 4 gram per 100 ml verhoog.

Die regering beoog om elektroniese sigarette en tabakverhittingsprodukte te begin belas. Nasionale Tesourie en die Departement van Gesondheid sal oorleg pleeg oor die toepaslike meganismes, struktuur en tydsberekening van die belasting.

13. Ander voorstelle

Inkomstebelastingvrystelling van buitelandse vergoeding vir Suid-Afrikaners

Vanaf 1 Maart 2020 sal Suid-Afrikaanse inwoners wat meer as 183 dae per jaar (waarvan ten minste 60 dae aaneenlopend moet wees) in die buiteland werk, aan Suid-Afrikaanse belasting onderhewig wees op buitelandse vergoeding bo R1 miljoen. Om maandelikse terughouding van inkomstebelasting in Suid-Afrika sowel as in die ander land te voorkom, word voorgestel dat Suid-Afrikaanse werkgewers hul maandelikse plaaslike LBS-terughouding verminder met die bedrag aan buitelandse belasting wat op die vergoeding teruggehou word. Voor die toepassing hiervan sal 'n werksessie gehou word om belastingbetalers oor hul administratiewe kwellings te raadpleeg. Enige voortspruitende wysigings sal gedurende die 2019-wetgewingsiklus verwerk word.

Kollektiewe beleggingskemas

Wysigings is in die 2018 Wysigingswetsontwerp op Belastingwette voorgestel om die wins van sommige kollektiewe beleggingskemas as inkomste in plaas van kapitaal te belas. Na evaluering van die openbare kommentaar oor hierdie konsep, het die regering besluit dat meer tyd nodig is om saam met die bedryf oplossings te probeer vind wat nie die betrokke groepe negatief sal raak nie. Hierdie studie word voorgestel vir die 2019-wetgewingsiklus.

Maatskaplike welsynhervormings

In 2016 het die regering 'n dokument vir kommentaar uitgereik waarin hul planne vir 'n omvattende maatskaplike welsynhervormingsprogram uiteengesit is, en 'n bygewerkte dokument sal waarskynlik teen einde 2019 vrygestel word. Die regering se latere uitlatings dui daarop dat hierdie inisiatief nog sterk op die agenda is.

Ander hervormings in die aftreesektor

Verdere hervormings wat beplan word, sluit in:

- Om alle openbare aftreefondse binne dieselfde regulatoriese raamwerk te plaas as privaat fondse;
- Rasionalisering van die aantal fondse, sodat slegs die kostedoeltreffende fondse oorbly;
- Vereenvoudiging en vermindering van die koste van aftreefondsprodukte;
- Uitbreiding van die vergunning dat 'n lid se nie-toegelate bydraes die belasbare annuïteitbedrae van verpligte annuïteite verminder, om verpligte annuïteite in te sluit wat op of na 1 Maart 2016 met fondse uit voorsorg- en voorsorgbewaringsfondse gekoop is;
- Die belasting van langslewende gades se pensioen teen 'n vaste koers, sonder verwysing na die werklike inkomste of kortings wat vir die annuïtant behoort te geld, en dat die surplus-LBS wat betaal is (as daar is) deur hierdie belastingbetalers verhaal word by aanslag;
- Nedlac en die Arbeidsraad is in gesprek oor die kwessies in verband met die voorgestelde annuïtiseringshervorming van voorsorgfondse wat tot 2021 uitgestel is;
- Die "verstekregulasie"-hervormings tree op 1 Maart 2019 in werking en die uitstaande konsep-gedragstandaarde met betrekking tot verstek-leeftydannuïteite en verstek reëlmatige bonus-beleggingsportefeuljes word tans gefinaliseer.

Hervormings in die finansiële sektor

Met die totstandkoming van die Gedragsowerheid van die Finansiële Sektor (FSCA) en die Voorsorgowerheid in April 2018, het Suid-Afrika die sogenaamde "Twin Peaks"-reguleringsmodel begin gebruik. Hierdie tweeledige benadering lê ewe veel klem op die monitering van omsigtigheids- en markgedrag-risiko's wat finansiële instellings inhou.

Omsigtigheidsrisiko's ontstaan wanneer firmas nie hul finansiële verpligtinge kan nakom nie. Markgedrag-risiko's hou verband met hoe finansiële instellings in die mark optree, wat insluit hoe hulle hul kliënte behandel.

Die owerhede werk daaraan om kapasiteit op te bou, om hul omvattende mandate te kan bereik, wat 'n breë jurisdiksie oor alle Suid-Afrikaanse finansiële instellings behels.

Ander prioriteite sluit in:

- Sterker regulering van en toesig oor bankinstellings.
- Implementering van omsigtige regulering van en toesig oor finansiële konglomerate.
- Vestiging van 'n raamwerk vir groot eienaars (mense wat 'n finansiële instelling beheer of 'n wesenlike invloed daarop uitoefen).
- Versterking van die resolusieraamwerk om te verseker dat die ondergang van 'n groot finansiële instelling op 'n wyse hanteer word wat die impak daarvan op die ekonomie tot die minimum beperk.
- Aanmoediging van ontwikkelinge in finansiële tegnologie (finteg). Dit sal ondersteun word deur 'n finteg-beleidskrif wat deur Nasionale Tesourie ontwikkel word.
- Ondersteuning van 'n inklusiewe en getransformeerde finansiële sektor.

Saam met die totstandkoming van die FSCA, ondergaan wetgewing oor markgedrag ook beduidende hervorming. Die wetsontwerp oor die gedrag van finansiële instellings stel voor dat 'n enkele, omvattende wet vir die finansiële sektor opgestel word, en dat die magdom wette wat tans bestaan herroep word. Die nuwe wet sal die gedrag van finansiële instellings beter reguleer en verseker dat die instellings hul kliënte billiker behandel. Die wetsontwerp sal aan omvattende oorlegpleging en skakeling onderwerp word om seker te maak dat dit gepas en doeltreffend is nadat dit bekragtig is.

Die FSCA sal oorleg pleeg oor 'n gedragstandaard vir kleinhandelsbanke, wat in die verlede aan beperkte regulering van interaksie met kliënte onderhewig was. Dit sal vereis dat banke kliënte billik behandel, toesien dat gepaste prosesse produkontwerp en verkope bepaal, en dat banke klagtes van kliënte behoorlik bestuur.

Dobbelbelasting

Die 2012 Begroting het 'n dobbelbelasting in die vorm van 'n 1%-heffing voorgestel vir die befondsing van rehabilitasie- en bewusmakingsprogramme om die negatiewe gevolge van oormatige dobbelary te verminder. Die regering beoog om gedurende 2019 konsepwetgewing vir openbare kommentaar uit te reik.

Kriptogeld

Kriptogeld is 'n digitale bate wat as 'n ruilmiddel gebruik word.

Op 6 April 2018 het die Suid-Afrikaanse Inkomstediens 'n persverklaring uitgereik waarin hy gemeld het dat hy nie kriptogeldeenhede as geld beskou nie en dat fondse wat uit kriptogeldverwante transaksies ontvang word, hetsy as normale inkomste of as 'n belasbare kapitaalwins belas kan word, na gelang van die omstandighede van elke saak.

Die 2018 Wysigingswet op Belastingwette het die omskrywing van "finansiële instrument" gewysig om enige kriptogeldeenheid in te sluit. Dit het ook die Inkomstebelastingwet gewysig om verliese uit die verhandeling in kriptogeldeenhede af te kamp waar die belastingbetaler belasting teen die maksimum marginale belastingkoers (45%) betaal.

Die BTW-wet word ook met ingang van 1 April 2019 gewysig om te bepaal dat die uitreiking, verkryging, invordering, koop of verkoop of oordrag van eienaarskap van enige kriptogeldeenheid vir die doeleindes van hierdie Wet finansiële dienste uitmaak.

Gevolgtrekking

Soos die vorige twee Begrotings, probeer hierdie Begroting weer eens om verskillende en uiteenlopende agendas en ekonomiese werklikhede aan te pak. Met die uitdaging van verminderde belastinginvorderings, gebrekkige groei en selfs nog meer finansiële verpligtinge (soos die groeiende begrotingstekort; reddingsboeie vir staatsondernemings; die NGV en hoër onderwys), het Minister Mboweni gereageer met 'n begroting wat die pas markeer, met feitlik geen beduidende veranderings aan die huidige inkomstebelastingbedeling nie. 'n Prominente kenmerk van vanjaar se Begroting is die feit dat die tabel vir persoonlike marginale inkomstebelastingkoerse onveranderd gehou is, wat na verwagting 'n addisionele R12.8 miljard aan belasting sal inbring as gevolg van inflasionêre blokkruiping.

Verlede jaar se BTW-koersverhoging was toe nie die kitsoplossing nie, terwyl dit nie soveel ekstra inkomste ingebring het as wat verwag is nie, as gevolg van die groter as verwagte BTW-terugbetalingseise wat verwerk moes word. Dit was vir die Minister bemoedigend dat hierdie geld ten minste "teruggeploeg" is in die ekonomie.

Landboutemas het telkens in die toespraak na vore gekom, met verwysing na maai wat ons saai en om seker te maak dat die grond vrugbaar is om toekomstige groei moontlik te maak. Die Minister het laat deurskemer dat die Begroting deur ses fundamentele verwagtings geïnspireer is:

- Om 'n hoër ekonomiese groeikoers te behaal
- Om belastinginvordering te verhoog deur die SAID nuwe stukrag te gee
- Redelike en bekostigbare besteding
- Stabilisering en vermindering van skuld
- Hersamestelling van staatsondernemings
- Bestuur van die openbare sektor se loonrekening

DO GREAT THINGS | OLDMUTUAL

Dit is vanselfsprekend dat individuele belastingbetalers hul swaarverdiende geld op 'n belastingdoeltreffende wyse moet belê. In hierdie verband bly die belastingdoeltreffende voordele van aftreefondse en belastingvrye spaarrekeninge 'n groot trekpleister. Dit sou roekeloos wees om die ingewikkelde regulatoriese en beleggingsomgewing sonder finansiële advies te probeer aandurf. Daar moet verder daarop gelet word dat alhoewel boedelbelasting onveranderd gebly het, bategroei verhoogde boedelbelastingaanspreeklikheid mag meebring. Die belangrikheid van 'n opgedateerde boedelplan moet dus nie onderskat word nie.

Die regering het onderneem om 'n meer beleggervriendelike omgewing te skep terwyl radikale transformasie van die Suid-Afrikaanse ekonomiese landskap onderneem word.

Die Minister het laat blyk dat dit 'n begroting is wat saad vir hernuwing en groei plant, en dat ons almal 'n plig het om die saad te versorg en seker te maak dat dit sterk groei en gedy, en vrug dra. Dit is 'n begroting vir die toekoms.

NEEM ASSEBLIEF KENNIS DAT DIE INLIGTING IN HIERDIE OMSENDBRIEF BERUS OP VOORSTELLE SOOS VERVAT IN DIE NASIONALE BEGROTINGSREDE WAT OP 20 FEBRUARIE 2019 IN DIE PARLEMENT GELEWER IS. DIT BLY VOORSTELLE TOTDAT DIE VOORSTELLE FORMEEL IN WETGEWING UITGEVAARDIG WORD.

Inkomstebelasting-berekeningsprogram

Om u maandelikse inkomstebelasting te bereken en dit met verlede jaar s'n te vergelyk, kan u Old Mutual se inkomstebelasting-berekeningsprogram (Income Tax Calculator) gebruik, wat bygewerk is om ook die belastingwysigings van toepassing op aftreefondse in te sluit. U sal dus die voordele van die aftreehervormings ten opsigte van u inkomstebelasting kan sien.

Hierdie berekeningsprogram neem u maandelikse inkomste, aftreebydraes, bedrae vir mediese uitgawes en u werkgewer se bydrae tot risikovoordele en aftreefondse in ag. Klik net op die volgende skakel om by die program uit te kom:

https://www.oldmutual.co.za/markets/south-african-budget/income-tax-calculator

Saamgestel deur: Personal Finance Legal & Product Legal
Datum: 20 Februarie 2019

Gesels met u Old Mutual Finansiële Adviseur of u Makelaar.
www.oldmutual.com

OLDMUTUAL